*Journal of Industrial Psychology, 1990, 16(3), 16-20*
*Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 1990, 16(3), 16-20*

# PERSEPSIES T.O.V. DIE SOSIO-POLITIEKE ROL VAN VAKBONDE, STAKINGS EN VAKBONDDEMOKRASIE

**U. FERNDALE**

*Bedryfsielkundige Dienste*
*YSKOR Pretoria*

## ABSTRACT

**Perceptions regarding the socio-political role of labour unions, strikes and trade union democracy.** The aim of this study was to determine the perceptions of trade union members and the general public with regard to the socio-political role of the emergent trade unions[1]. A further aim was to determine whether or not respondents regarded those unions as democratic organisations. The findings of this investigation indicate that the respondents viewed strikes and the socio-political role of trade unions positively. The trade unions mentioned were further regarded as democratic organisations.

## OPSOMMING

Die doel van hierdie ondersoek was om die persepsies van vakbondlede en die breër publiek t.o.v. die sosio-politieke rol van sogenaamde "emergent" vakbonde[1] te peil. Daar is ook gepoog om vas te stel of die "emergent" vakbonde as demokratiese organisasies beskou word, al dan nie. Die bevindinge van hierdie ondersoek was dat die respondente 'n positiewe siening van stakings en die sosio-politieke rol van vakbonde het. Verder word die genoemde vakbonde ook as demokratiese organisasies beskou.

Die sosio-politieke neigings van vakbonde en die omvang van stakings in Suid-Afrika is 'n bron van aansienlike debat binne arbeidskringe (Allias, 1987). Die vraag ontstaan of die sosio-politieke rol wat vakbonde speel asook die geweldige toename in stakings, die aspirasies van diegene (publiek en spesifiek vakbondlede) wat deur sodanige aktiwiteite van die vakbonde geraak word, artikuleer en of dit die resultaat is van die aspirasies van die vakbondleierskap.

Alhoewel verskeie skrywers van mening is dat vakbonde werksowel as nie-werksverwante funksies moet hê, bestaan daar ook konsensus dat eersgenoemde funksies die belangrikste vir die vakbond moet wees (Webster, 1986b; Wiehahn, 1983; Lipsey in Bendix, 1978).

Die swart mense in Suid-Afrika beskik oor 'n relatiewe beperkte politieke seggenskap. Die argument bestaan dat vakbonde in Suid-Afrika die enigste demokratiese wyse is waarop die swart werker sy politieke aspirasies kan uitleef (Coertzen, 1986). Webster (1986a) is selfs van mening dat die swart gemeenskap die politieke en ekonomiese sisteem as een sisteem sien. Teen hierdie agtergrond is die sosio-politieke rol van vakbonde binne verskeie kringe aanvaarbaar. Die vraag ontstaan of sodanige rol deur diegene wat direk of indirek daardeur geraak word (vakbondlede en die publiek) goedgekeur word en indien wel, hoe word hierdie rol van vakbonde gekonseptualiseer.

Stakings het sedert die vroeë tagtiger jare 'n relatiewe hoë vlak gehandhaaf (Levy, 1988; Finnemore en van der Merwe, 1986). Die meeste stakings in Suid-Afrika sentreer grootliks rondom loonverskille en onbillike afdankings (Lever, 1987; Finnemore en Van der Merwe, 1986).

Stakings wat voortspruit uit politieke vraagstukke is 'n bron van hewige debat. Daar bestaan byvoorbeeld die argument dat politieke vraagstukke nie voor die deur van bestuur gelê kan word nie, aangesien hulle nie direk daarvoor verantwoordelik is nie. Ook is bestuur nie in 'n posisie om wetgewing te verander nie. Daar bestaan egter ook die argument dat stakings meer is as 'n blote uitdrukking van 'n desperaatheid van die werkers om ekonomiese behoeftes te bevredig. Dit is ook 'n aanduiding van 'n algemene bewustheid en ontevredenheid van die werkers met die kapitalistiese sisteem. Lenin (Henson 1978, p. 11) beklemtoon stakings as 'n belangrike hulpmiddel tot "politieke bevryding" deurdat die werkers hul mag en vermoëns hierdeur leer ken. Verder is Lenin van mening dat laasgenoemde 'n voorvereiste is vir pogings deur die werkersklas om die samelewingstruktuur te verander. Dat hierdie proses besig is om in Suid-Afrika plaas te vind, kan gesien word in die feit dat stakings (soos reeds genoem) vinnig besig is om toe te neem. Galin (1982) merk ook tereg op dat daar 'n groei in die swart "kollektiewe magsbewustheid" plaasvind.

Du Toit (1976) is van mening dat vakbonde nie die stakingswapen na willekeur gebruik nie, maar sterk voel oor die reg om dit te gebruik. Hierdie siening word ook in 'n artikel in die Joernaal van die Suid-Afrikaanse Vervoerwerkers beklemtoon (1963, p. 46) "The right to strike, and of employers to lock workers out, are widely regarded, subject to certain restrictions, as essential safeguards for freedom of collective bargaining".

Aangesien 'n groot deel van die politieke aktiviste wat sedert 1980 in hegtenis geneem is, vakbondleiers was (Africa Confidential, 1982), ontstaan die vraag of hierdie sosio-politieke betrokkenheid van vakbonde en die toename in stakings die behoeftes van die vakbondlede weerspieël en of dit die resultaat is van politieke aspirasies van die vakbondleierskap. Anders gestel, funksioneer die vakbonde in Suid-Afrika op 'n demokratiese wyse?

Demokrasie kan gedefinieer word as " . . . the active involvement in decision-making of the ordinary members of a community or organisation" (Hyman, 1975, p. 76). Demokrasie kan dus slegs in 'n vakbond bestaan indien die lede "totale" beheer op alle bestuursvlakke van die vakbond se aktiwiteite het. Laasgenoemde kan weer slegs bereik word indien, volgens Maree (1986) aan drie belangrike vereistes voldoen word:

Versoeke vir afdrukke moet gerig word aan U. Ferndale, Bedryfsielkundige Dienste, Yskor, Posbus 450, Pretoria 0001.

1. Die vakbonde onder bespreking in hierdie artikel (tensy anders aangedui) is die sogenaamde "emergent trade unions". Hierdie vakbonde word gekenmerk deur die feit dat dit nie-rassig is en hulself verbind het tot die " . . . grassroots organization of the mass of Black workers" (Allias, 1985, p. 4).

- die gekose vakbondverteenwoordigers moet op alle vlakke van die vakbond se strukture 'n meerderheidseggenskap hê;
- sodanige persone moet verteenwoordigend wees van die werkers en hulle belange op 'n verantwoordelike wyse op die hart dra;
- die gewone lid moet gehelp word om die vermoë te ontwikkel om die werking van sy vakbond te begryp en om goeie besluite te neem.

Volgens Michels (1959, p. 32) is demokrasie in vakbonde 'n selfvernietigende en onbereikbare doelwit en bestaan daar in vakbonde 'n neiging tot oligargie: "As a result of organization every party or professional union becomes divided into a minority of directors and a majority of directed". 'n Vakbond, soos enige suksesvolle organisasie, groei in grootte en die struktuur raak meer kompleks sodat mense met deskundige kennis dus benodig word. Aangesien die gewone lede dikwels nie oor die nodige kennis beskik nie, monopoliseer hoër gekwalifiseerde persone sodanige poste en neem feitlik beheer van die vakbond oor. Gevolglik het die gewone lid dus weinig beheer oor sy eie vakbond (Michels, 1959).

Dit blyk asof vakbondleiers a.g.v. hoër opvoedkundige kwalifikasies dikwels oor 'n hoër politieke bewustheid as vakbondlede beskik (Allias, 1985). Die gevolg is dat die vakbondleiers dikwels poog om hul politieke sienings op die werkers af te dwing eerder as om die werkers se sosiale en politieke aspirasies te artikuleer (Lever, 1981).

## NAVORSINGSONTWERP

Die insameling van die data vir hierdie ondersoek het gedurende November 1987 aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys, wat uit 38 items bestaan het, plaasgevind. 'n Ewekansige steekproef van die Wes-Kaapse Metropolitaanse Kleurlinggemeenskap (612 adresse) is getrek. As gevolg van weierings en persone wat geen kennis van vakbonde gedra het nie, het die steekproef verklein na 420 respondente waarvan 129 vakbondlede was. Die steekproef het dus bestaan uit twee groepe nl. 129 vakbondlede en 291 nie-vakbondlede. Die genoemde aantal respondente kan egter as genoegsaam beskou word om tendense weer te gee rakende die doelstellings van hierdie navorsing, soos vervolgens geformuleer sal word.

Die doelstellings van hierdie navorsing was om die houding en persepsies van die publiek en vakbondlede in die Kaapse Metropool t.o.v. die volgende (die basiese dimensies van die vraelys) te bepaal:

- die sosio-politieke rol van vakbonde;
- stakings;
- die vlak van demokrasie in vakbonde in Suid-Afrika.

Die analise van die sosio-politieke rol van vakbonde is gedoen deur eerstens te bepaal wat die belangrikste funksie van 'n vakbond na die mening van die respondente is (kyk Tabel 1). Tweedens is die respondente se persepsie t.o.v. vakbonde se betrokkenheid by nie-werksverwante aspekte ontleed (kyk Tabel 3). In 'n poging om die respondente se persepsie t.o.v. stakings te bepaal is hulle gevra om aan te toon tot watter omvang hulle saamstem met sekere aspekte wat verband hou met stakings (kyk Tabel 4). Die persepsie van die respondente t.o.v. die vlak van demokrasie binne vakbonde in Suid-Afrika is bepaal aan die hand van die vereistes vir vakbonddemokrasie, soos gestel deur Maree (1986). Bepaalde stellings rakende vakbonddemokrasie is aan die respondente gestel en hulle moes aandui of hulle daarmee saam stem of verskil (kyk Tabel 5).

Die belangrikste redes waarom spesifiek die publiek en vakbondlede se persepsies gepeil was, is tweeledig van aard:

- Eerstens: Vakbondleiers en vakbondlede se verwagtinge en behoeftes m.b.t. hul vakbond kan verskil (Ross, soos na verwys in Finnemore en Van der Merwe, 1986). Aangesien 'n vakbond hoofsaaklik gevorm word om die belange van sy lede te verteenwoordig, is vakbondlede se persepsies van die aktiwiteite van hul vakbonde van besondere belang. Meer duidelikheid oor die werklike persepsies en verwagtinge van die lede van vakbonde, kan bydra om die rigting te bepaal wat vakbonde in die toekoms behoort in te slaan.
- Tweedens: Die aktiwiteite van vakbonde het 'n direkte of indirekte impak op die gewone persoon in die straat. So byvoorbeeld kan 'n vervoerwerker-staking die gewone persoon se roetine ernstig ontwrig. Vakbonde speel ook 'n toenemend belangrike rol in die bepaling van die sosio-politieke toekoms van Suid-Afrika (Allias, 1981). Aangesien laasgenoemde 'n direkte impak op die lewe van die publiek sal hê, is die publiek se persepsie van vakbonde ook van belang.

Daar is hoofsaaklik van frekwensies (om die belangrikste data so bondig moontlik saam te vat) en Chi-kwadraattoetse (om statisties beduidende verskille in persepsie tussen die vakbondlede en nie-vakbondlede te bepaal) gebruik gemaak.

## BEVINDINGE

**Die sosio-politieke rol van vakbonde**

Op die vraag wat die belangrikste funksie van 'n vakbond behoort te wees, het die meerderheid respondente (61,6%) die maatskaplike ondersteuning van die werker gemeld (vergelyk Tabel 1). Dit is opvallend dat 'n relatief lae persentasie (21,1%) respondente die verbetering van salarisse as 'n belangrike funksie van vakbonde gesien het.

Geen beduidende verskille in persepsie tussen vakbondlede en nie-vakbondlede ten opsigte van wat die belangrikste funksie van 'n vakbond is, is gevind nie ($p > 0{,}05$). Die implikasie is dus dat die publiek en vakbondlede 'n gemeenskaplike persepsie het t.o.v. die belangrikste funksie van 'n vakbond nl. die maatskaplike ondersteuning van die werker.

Op 'n vraag oor watter vorm van maatskaplike steun deur die werkers benodig word, het ongeveer 'n derde (32,4%) algemene maatskaplike probleme soos gesinsbeplanning, persoonlike probleme ens. gemeld (kyk Tabel 2). Ongeveer 'n kwart (25,7%) het behuising gemeld, terwyl 23,5% die daarstelling van sport- en opvoedkundige fasiliteite gemeld het. Behuisingshulp asook sport en opvoedkundige fasiliteite word dus gesien as een van die meer belangrike terreine waaraan vakbonde aandag behoort te skenk.

**TABEL 1**
**DIE BELANGRIKSTE FUNKSIE VAN VAKBONDE**

| | % | |
|---|---|---|
| Verbetering van die werksomgewing | 6,0 | |
| Beskerming van werkers se regte | 11,1 | |
| Verbetering van lone | 21,1 | N = 358 |
| Maatskaplike ondersteuning | 61,6 | |
| Totaal | 99,8 | |

**TABEL 2**
**AARD VAN MAATSKAPLIKE STEUN BENODIG**

| | % | |
|---|---|---|
| Persoonlike probleme | 2,4 | |
| Werkloosheid | 16,0 | |
| Sport en opvoeding | 23,5 | |
| Behuising | 25,7 | N = 352 |
| Algemeen maatskaplik | 32,4 | |
| | 100,0 | |

Die belangrikheid van die bevrediging van die materiële en basiese behoeftes van die werker as 'n funksie van 'n vakbond, is beklemtoon deur onder andere Griffiths en Jones (1980) en Leavitt (1983), maar dit is in stryd met die bevindinge van 'n ondersoek gedoen onder vakbondleiers (Allias, 1985). In Allias se studie was vakbondleiers van oordeel dat die bevrediging van werksverwante funksies die belangrikste prioriteit van 'n vakbond behoort te wees. Alhoewel werksverwante aspekte (bv. beter salarisse) indirek beter materiële toestande vir die werker beteken, voel die respondente van hierdie studie dat vakbonde 'n direkte betrokkenheid moet hê by die verskaffing van behuising, sportgeriewe, ens.

In 'n poging om te bepaal wat die respondente se persepsie is rakende die nie-werksverwante funksies van vakbonde, is hulle gevra om aan te dui tot watter omvang hulle saamstem of verskil dat vakbonde 'n rol moet speel m.b.t. bepaalde aspekte in hierdie verband (kyk Tabel 3). Uit hierdie tabel blyk dit dat die respondente baie sterk voel oor die genoemde nie-werksverwante funksies van vakbonde. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met hul persepsie ten opsigte van wat die belangrikste funksie van 'n vakbond is (kyk Tabel 1), waar dit duidelik geblyk het dat nie-werksverwante funksies as die belangrikste funksie van vakbonde beskou word.

Die respondente voel veral baie sterk oor die verkryging van werksgeleenthede vir werkloses (74% het beslis saamgestem). Laasgenoemde kan moontlik teruggevoer word na die hoë werkloosheid in Wes-Kaapland. Die bevinding van hierdie studie was dat ongeveer 18,9% van die ekonomies-aktiewe Kleurlingbevolking in Wes-Kaapland werkloos ten tyde van die opname was.

Opvallend is die bevinding dat 'n relatief lae persentasie persone (54,5%) politiek as 'n funksie van vakbonde gesien het, in vergelyking met diegene wat die skep van werksgeleenthede (96,6%), sosiale aktiwiteite (87,2%) en die vermindering van algemene belasting (85,2%) as 'n funksie van vakbonde gesien het. Alhoewel die verkryging van politieke regte, as 'n nie-werksverwante vakbondfunksie, die minste belangrik (i.t.v. frekwensie) geag word, moet dit nie as onbelangrik afgemaak word nie. Meer as die helfte van die respondente (54,5%) het wel aangetoon dat dit 'n vakbondfunksie moet wees. Die aanduiding is dat politiek-bedryf wel deur die respondente as 'n funksie van vakbonde beskou word, maar dat die belangrikheid daarvan ondergeskik is aan die van ander nie-werksverwante vakbondfunksies.

Betekenisvol is die feit dat 23,6% van die persone wat op die politieke funksie van vakbonde respondeer het, 'n onsekerrespons gegee het. Dit kan 'n aanduiding daarvan wees dat die respondente oor die algemeen van die politieke vrae weggeskram het. Die implikasie is dat die persentasies in beide 'n negatiewe en positiewe rigting hoër kan wees.

Die feit dat 53,8% en 62,1% van die respondente onderskeidelik sterk daaroor gevoel het dat vakbonde sosiale aktiwiteite moet organiseer en moet poog om belasting te verminder, is

**TABEL 3**
**HOUDING TEENOOR NIE-WERKSVERWANTE FUNKSIES (N = 415)**

| | NEE | | ONSEKER | | JA |
|---|---|---|---|---|---|
| | *1 % | 2 % | 3 % | 4 % | 5 % |
| Verkryging van politieke regte | 9,6 | 12,3 | 23,6 | 22,6 | 31,8 |
| Organisering: sosiale aktiwiteite | 1,9 | 4,5 | 6,3 | 33,4 | 53,8 |
| Vermindering van belasting | 3,1 | 6,0 | 5,5 | 23,1 | 62,1 |
| Skep van werksgeleenthede | 0,7 | 1,5 | 1,2 | 22,7 | 74,2 |

* 1 = stem beslis nie saam nie; 2 = stem nie saam nie; 3 = onseker; 4 = stem saam; 5 = stem beslis saam

'n duidelike aanduiding dat die werkers voel dat vakbonde buite werksverband 'n belangrike rol te speel het.

Geen beduidende verskille in persepsie tussen vakbondlede en nie-vakbondlede is gevind nie ($p > 0,05$). Die aanduiding is dus dat die vakbondlede sowel as die nie-vakbondlede oor die algemeen dieselfde houding het met betrekking tot die nie-werksverwante vakbondfunksies.

**Stakings**

Uit Tabel 4 is dit duidelik dat die meeste respondente (87,4%) ten gunste daarvan was dat die meerderheid van die werkers daartoe moet instem voordat 'n staking uitgeroep word. 'n Baie hoë persentasie persone (82,6%) was ook van mening dat stakings tot hoër lone kan lei. Die respondente het baie sterk oor bogenoemde aspekte gevoel, aangesien meer as die helfte baie beslis daarmee saamgestem het (60,6% en 52,8% onderskeidelik).

Betekenisvol is die bevinding dat meer as die helfte van die respondente van mening was dat stakings in Suid-Afrika politieke verandering kan bespoedig (55,3%). Dit kan dus afgelei word dat die respondente stakings as 'n belangrike hulpmiddel tot politieke verandering sien. Hierdie persepsie is in ooreenstemming met die van Lenin, soos na verwys in Henson (1978, p. 11) " . . . political demands can only be sustained when backed by economic strikes . . . ". Lenin se siening dat stakings meer is as 'n blote uitdrukking van 'n ekonomiese desperaatheid deur die werkers, word in 'n groot mate deur hierdie studie bevestig.

Die bevindinge suggereer dat die respondente in 'n sekere sin ten gunste van stakings is, aangesien 'n relatiewe hoë persentasie persone van mening was dat stakings vir die werkers voordele kan bring (69,9%) en dat die bestuur nie stakende werkers moet afdank nie (77,4%). Laasgenoemde bevinding kom grootliks ooreen met die bevinding van Terblanche (1983) dat die meeste swart werkers (73,4%) afdankings wat voortspruit uit stakings, afkeur.

Daar is 'n aanduiding dat die publiek die belangrikheid van die stakingswapen vir die vakbond begryp, aangesien 'n sterk meerderheid (66,6%) gevoel het dat vakbonde die reg behoort te hê om te staak. Hierdie gevoel van die respondente is ooreenstemmend met die bevindinge van 'n ondersoek gedoen onder vakbondleiers (Allias, 1985) asook die siening van Du Toit (1976).

Die belangrikheid daarvan dat die meerderheid van die lede toestemming moet gee voordat 'n staking uitgeroep word

**TABEL 4**
**PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN STAKINGS**

| | JA | NEE | ON-SEKER | *STERKTE VAN RESPONSE 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stakings: meerderheid lede moet instem | 87,4 | 5,1 | 7,5 | 4,1 | 3,4 | 5,1 | 26,8 | 60,6 |
| Stakings lei tot hoër lone | 82,6 | 10,2 | 7,3 | 3,9 | 6,3 | 7,3 | 29,8 | 52,8 |
| Stakings het voordele vir die werker | 69,9 | 16,7 | 13,3 | 6,8 | 10,0 | 13,3 | 34,0 | 35,9 |
| Vakbonde moet die reg hê om te staak | 66,6 | 20,6 | 12,8 | 9,0 | 11,6 | 12,8 | 28,6 | 38,0 |
| Stakings kan politieke verandering bespoedig | 55,3 | 24,3 | 20,4 | 7,7 | 16,5 | 20,4 | 28,4 | 26,9 |
| Bestuur moet stakende werkers afdank | 15,8 | 77,4 | 6,8 | 39,0 | 38,5 | 6,8 | 8,5 | 7,3 |

* 1 = stem beslis nie saam nie; 2 = stem nie saam nie; 3 = onseker; 4 = stem saam; 5 = stem beslis saam
N = 412

(87,4%), is ook in ooreenstemming met die siening van Terblanche (1983) nl. dat stakings slegs funksioneel is indien aan eersgenoemde vereiste voldoen word.

Geen beduidende verskille in persepsie t.o.v. bogenoemde tussen vakbondlede en nie-vakbondlede is gevind nie ($p > 0,05$).

Op 'n vraag of hulle bewus is van enige ander metodes as stakings om arbeidsgeskille op te los, het slegs 36,7% van die respondente positief reageer. Dit is 'n duidelike aanduiding van die gebrekkige kennis wat by die respondente bestaan aangaande alternatiewe metodes soos byvoorbeeld onderhandeling.

Van diegene wat bewus was van ander metodes as stakings om arbeidsgeskille op te los, was ongeveer 95% van mening dat onderhandeling die beste metode is, terwyl 4,2% geglo het dat 'n sloerstaking die gewenste uitwerking sal hê.

Alhoewel 'n mens sou verwag dat vakbondlede meer bewus sal wees van alternatiewe (anders as stakings) vir die oplossing van arbeidsgeskille, kon geen beduidende verskille tussen vakbondlede en nie-vakbondlede verkry word nie ($p > 0,05$).

Ongeveer 92% van die respondente was van mening dat werkers wat nie aan 'n staking wil deelneem nie, nie geforseer moet word om deel te neem nie. Ongeveer 88% van hierdie respondente het as rede gegee dat elke persoon die reg moet hê om self te besluit. Dit is duidelik dat die respondente baie sterker gevoel het oor die reg van die werker om self te besluit, in vergelyking met die swart werkers in die studie van Terblanche (1983) waar slegs 22,9% sodanige persepsie gehad het.

Diegene wat ten gunste daarvan was dat werkers geforseer moet word om te staak, het so gevoel omdat hulle meen dat eenheid onder die werkers belangrik is. 'n Soortgelyke bevinding onder swart werkers is deur Terblanche (1983) gerapporteer.

**Vakbonddemokrasie**

Talle skrywers plaas groot klem daarop dat die sukses van 'n vakbond afhang van die omvang waartoe die vakbondleiers verantwoording doen aan die vakbondlede (vergelyk o.a. Maree, 1984 en Flanders, 1975). Die implikasie is dus dat vakbondleiers die gevolge van bepaalde handelinge aan lede moet probeer uitwys. 'n Oorweldigende meerderheid van die respondente (83%) was van mening dat die vakbondleiers in Suid-Afrika wel aan hulle lede verantwoording doen (kyk Tabel 5).

Ongeveer 34% van die respondente was van mening dat vakbondleiers in Suid-Afrika hul politieke oortuigings op vakbondlede afdwing, terwyl 36,7% daarvan verskil het (kyk Tabel 5). In die lig van die hoë onseker-kategorie kan betekenisvolle afleidings nie gemaak word nie. Die siening van die publiek in hierdie studie stem dus nie heeltemal ooreen met die van Du Toit (1976, p. 92) nie: "The political convictions of a union leader can be impressed on the members".

Verreweg die meeste respondente is dit eens dat vakbonde in Suid-Afrika aan die volgende drie vereistes van vakbonddemokrasie voldoen (Maree, 1986):

- dat vakbondleiers verantwoording teenoor die vakbondlede doen (83%);
- dat vakbondlede gehelp word om vakbondfunksies te verstaan (81,5%) en om goeie besluite te neem (77,0%);
- dat vakbondlede betrokke is op alle bestuursvlakke van hul vakbonde (68,8%).

Geen beduidende verskille tussen vakbondlede en nie-vakbondlede is t.o.v. die omvang van vakbonddemokrasie bevind nie ($p > 0,05$). Dit kan dus aanvaar word dat bogenoemde persepsies 'n eenvormige persepsie van beide groepe is.

In die lig van bogenoemde kan die afleiding dus gemaak word dat die vakbonde in Suid-Afrika, soos gesien deur die publiek in Wes-Kaapland, as demokraties beskou kan word.

**TABEL 5**
**PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN DEMOKRASIE IN VAKBONDE IN SUID-AFRIKA**

| | JA | NEE | ON-SEKER |
|---|---|---|---|
| Vakbondleiers doen verantwoording | 83,0 | 5,8 | 11,2 |
| Lede: gehelp om vakbondfunksies te verstaan | 81,5 | 7,8 | 10,7 |
| Lede word gehelp om goeie besluite te maak | 77,0 | 10,8 | 12,2 |
| Vakbondlede word betrek by besluite | 69,7 | 11,1 | 19,1 |
| Vakbondlede is betrokke op alle vlakke | 68,8 | 12,4 | 18,8 |
| Vakbondleiers dwing hul politieke sienings af | 34,3 | 36,7 | 29,0 |

N = 415

## GEVOLGTREKKINGS

In die geheel gesien blyk dit asof die respondente oor die algemeen 'n positiewe siening het van nie net die sosio-politieke rol van vakbonde nie, maar ook t.o.v. stakings. Verder blyk dit asof laasgenoemde aspekte nie 'n uitvloeisel is van die vakbondleierskap nie – inteendeel die vakbonde in Suid-Afrika word as demokraties deur die respondente ervaar. Hierdie positiewe persepsies van die respondente moet egter gesien word teen die agtergrond van bepaalde aspekte en argumente soos later duidelik sal word.

Die belangrikheid wat deur respondente aan die maatskaplike funksie van vakbonde geheg word kan moontlik teruggevoer word na die swak ekonomiese toestande van die respondente. Meer as die helfte van die respondente was van mening dat vakbonde 'n politieke rol moet speel. Die feit dat die swart vakbonde tans sosio-politieke vraagstukke op hul agenda het, is dus binne die raamwerk van hierdie studie 'n manifestasie van die verwagtinge en behoeftes van hul lede en die breër gemeenskap.

Bevestiging vir bogenoemde gevolgtrekking volg uit die bevinding dat die respondente vakbonde as demokraties gestruktureerd ervaar. In die lig hiervan behoort bestuur vakbonde te erken as demokratiesfunksionerende organisasies wat beide die politieke en sosio-ekonomiese behoeftes van hul lede en die gemeenskap verteenwoordig. Bestuur behoort dus teen hierdie agtergrond en die bevinding dat maatskaplike probleme waarskynlik die belangrikste behoefte van hul werknemers is, 'n positiewe rol in hierdie verband te speel. Aangesien die politieke situasie dikwels die sosiaal-maatskaplike probleme van die swartes (en so ook van die kleurlinge) intensifiseer, behoort bestuur ook in hierdie verband 'n rol te speel. Nie net kan dit lei tot beter arbeidsverhoudinge nie, maar sal dit ook aanleiding gee tot groter groei en produktiwiteit (Burgess, 1989). Du Plessis soos aangehaal in Webster (1986b, p. 10) meld in hierdie verband die volgende: " . . . by accepting an involvement in problem-solving outside the factory gate, management gains new controls over the conduct of employees and simultaneously open up avenues of common interest in which management and its employees can pursue common goals".

Dat die respondente oor die algemeen 'n positiewe siening van stakings het, kan afgelei word uit die feit dat die meer-

derheid van mening was dat stakings voordele vir die werker kan bring en dat dit tot hoër lone kan lei.

Die feit dat stakings gesien word as 'n middel om politieke verandering te bespoedig, moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat die kleurlinggemeenskap in Wes-Kaapland die geïnstitusionaliseerde vorm van deelname aan politieke aktiwiteite in Suid-Afrika verwerp. 'n Staking is dus een van die min alternatiewe om politieke vraagstukke aan te spreek.

Hierdie klaarblyke steun van die respondente vir stakings moet in die konteks van hul kennis t.o.v. verwante aangeleenthede gesien word. Dit blyk byvoorbeeld dat vakbondlede nie oor kennis beskik van alternatiewe vir stakings nie. 'n Groter blootstelling aan ander wyses van bedinging mag moontlik hul persepsie verander. Bestuur behoort in hierdie verband programme en opleidingskursusse aan hul werknemers beskikbaar te stel om hulle sodoende aan alternatiewe wyses van bedinging bloot te stel.

Vakbonde behoort ook pogings aan te wend om intimidasie gedurende stakings te minimaliseer, aangesien hierdie ondersoek toon dat werkers voel dat elke persoon self moet besluit of hy/sy wil deelneem aan 'n staking, aldan nie. Indien dit nie gedoen word nie, kan dit daartoe lei dat vakbonde 'n groot deel van hul steun verloor.

Ten spyte van die relatief positiewe persepsie wat die respondente van stakings, die politieke rol van vakbonde en vakbonddemokrasie in Suid-Afrika het, moet in gedagte gehou word dat hierdie persepsies in 'n groot mate uit onkunde of moontlik 'n emosionaliteit onder die respondente kan spruit. Die kleurlinge in Wes-Kaapland beskik oor 'n relatiewe hoë mate van politieke bewustheid. Laasgenoemde het duidelik na vore gekom uit die lae stempersentasies met die afgelope aantal verkiesings. Teen hierdie agtergrond is dit dus duidelik dat die kleurlinge in Wes-Kaapland die status quo verwerp. Vakbonde was op daardie stadium (1987) die enigste wyse om politiese en ekonomiese aspirasies uit te leef en sou dus in enige opsig as positief ervaar was.

Die belangrikheid van die bevindinge van hierdie ondersoek vir arbeidsverhoudinge in die algemeen, noop 'n landwye ondersoek onder alle bevolkingsgroepe (anders as die kleurlinge in Wes-Kaapland) ten einde te bepaal of die groter Suid-Afrikaanse samelewing dieselfde persepsie t.o.v. vakbonde toon, al dan nie.

## VERWYSINGS


*Africa Confidential*. (1982). *South Africa: The union factor.* 23(14), 1-4.

Allias, A.C. (1987). Carol Allias on trade unions. *UNISA Alumnus, 9*, 24-25.

Allias, A.C. (1981, Julie). *Labour relations: the prime social issue of the 80's.* Referaat gelewer by die 11de ASSA kongres, Grahamstad.

Allias, C. (1985). *The socio-political role of emergent trade unions perceptions of trade union leaders.* Navorsingsbevinding, N-113. Pretoria: RGN.

Bendix, D.W.F. (1978). *What are they for? Trade unions between socialism and capitalism. A Theoretical Framework.* Labour relations paper series No. 7, Pretoria: UNISA.

Bennett, M. (1985). The super federation: independent unionism comes of age – factions & fractions in the post- Weihahn era. *Indicator SA, 3*(2), 1-5.

Burgess, M. (1989). IPM Comments: Politics: The role of business, *Institute of Personnel Management Journal, 7*(12), 3.

Coertzen, F.G. (1986). *Gegewe die sosio-ekonomiese en politieke situasie van die grootste gedeelte van die arbeidsmag, die swartwerker, kan arbeidsvrede steeds 'n bereikbare doelwit wees.* Ongepubliseerde MBA-tegniese verslag, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Du Toit, M.A. (1976). *South African trade unions history, legislation, policy.* Johannesburg: McGraw-Hill.

Finnemore, M. & Van der Merwe, P. (1986). *Introduction to industrial relations in South Africa.* Isando: McGraw-Hill.

Flanders, A. (1975). *Management and unions: the theory and reform of industrial relations.* London: Faber & Faber.

Galin, A. (1982). *Determinans of black strike activity in South Africa, 1976-1981.* Pretoria: CSIR Special Report, Pers 335.

Godsell, R. *The trade unions as an agent of change in a deeply divided, developing society such as South Africa.* Referaat gelewer by die "Vakbonde en verandering in Suid-Afrika" Kongres, April 26 & 27, 1983, Universiteit van Stellenbosch.

Griffiths, H.R. & Jones, R.A. (1980). *South African labour economics.* Johannesburg: McGraw-Hill.

Henson, D. (1978). Trade unions and the struggle for liberation. *Capital & Class, 6*, 1-41.

Hyman, R. (1975). *Industrial relations: a marxist introduction.* London: Macmillan.

Leavitt, H.J. (1978). *Managerial psychology.* Chigargo: University of Chigargo Press.

Lever, G. (1981). Trade unions as a social force in South Africa. *Industrial Relations Journal of South Africa, 1*(4), 37-39.

Levy, A. (1987). *Annual report on labour relations in South Africa: 1987-1988.* Johannesburg: Andrew Levy and Associates.

Maree, J.G.B. (1984). *The sociology of trade unions and the independent trade unions struggles for power in the 1970's.* Referaat gelewer by die vyftiende jaarlikse ASSA kongres, Universiteit van die Witwatersrand.

Maree, J.G.B. (1986). *An analysis of the independent trade unions in South Africa in the 1970's.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Michels, R. (1959). *Political parties.* New York: Dover Publications.

Terblanche, S.S. (1983). *Black workers perception of the role and function of labour unions.* Verslag no. 98. Pretoria: RGN.

Transport (1963). *Official journal of the South African Council of Transport Workers,* Jan/Feb: *12*.

Webster, E. (1986a). *The rise of social-movement unionism – The two faces of the black trade union movement in South Africa.* Referaat gelewer by die 17de jaarlikse ASSA kongres, Durban.

Webster, E. (1986b). *The goals of management and labour industrial relations in a post apartheid economy.* Referaat gelewer by 'n kongres, University of York Centre for South African Studies.

Wiehahn, N. (1983). Labour and Politics in South Africa: Part I. *South African Journal of Labour Relations, 7*(1), 62-67.